'n Verkeersafdeling was bekommerd oor die aantal oorlaaide taxi's in hulle dorp. Hulle het elke naweek 'n padblokkade gehou en data versamel oor die aantal oorlaaide taxi's wat hulle teëgekom het. Nadat hulle dit byna 'n jaar lank gedoen het, het hulle hul resultate in hierdie gebrokelyn-grafiek gepubliseer.



a) Weerspieël hierdie syfers die hele populasie van oorlaaide taxi's, of is dit net 'n steekproef?

b) Kyk na die grafiek as geheel. Sou jy sê daar was 'n algehele daling in die aantal oorlaaide taxi's?

c) Kyk na die maande Februarie tot Oktober. Sou jy sê daar was 'n algehele daling in die aantal oorlaaide taxi's gedurende hierdie tydperk?

d) Die syfers vir Desember en Januarie is hoër as die syfers vir die ander maande. Probeer dink aan 'n praktiese rede hiervoor.

e) Die syfer vir November is uiters laag in vergelyking met die syfers vir die ander maande. Probeer dink aan 'n praktiese rede hiervoor.

f) Die verkeersafdeling het hierdie grafiek gebruik om te beweer dat hulle padblokkades bygedra het om die aantal oorlaaide taxi's te verminder. Gee minstens een rede waarom hulle bewering misleidend is.